



Geagte lede

Mag ouers hulle kinders by die huis hou?

President Cyril Ramaphosa se opmerking in sy toespraak op Sondag 24 Mei 2020 dat geen ouer verplig sal word om hulle kinders skool toe te stuur nie, het baie verwarring veroorsaak.

Ouers het 'n wetlike plig om hulle kinders te laat skoolgaan, wat die president nie by wyse van 'n toespraak óf deur middel van COVID-regulasies kan verander nie.

Artikel 3 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 bepaal soos volg (eie onderstreping):

- (1) *Behoudens hierdie Wet en enige toepaslike provinsiale wet moet elke ouer elke leerder vir wie hy of sy verantwoordelik is 'n skool laat bywoon vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van sewe jaar bereik tot op die laaste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van vyftien jaar of die negende graad bereik, watter een ook al eerste plaasvind.*

Indien ouers sou versuim om hieraan te voldoen, is hulle skuldig aan 'n misdryf. Die Departementshoof kan die omstandighede van die leerder se afwesigheid ondersoek en toepaslike stappe doen om die aangeleentheid reg te stel (artikel 3(5)).

Wat mag ouers dan doen?

Daar is drie moontlike scenario's:

1. Ouers wil moontlik hulle kind in die formele skoolstelsel (openbare skole of onafhanklike skole) hou, maar die leerder het 'n onderliggende siekte.
2. Ouers wil dalk hulle kind in die formele skoolstelsel (openbare skole of onafhanklike skole) hou, en die leerder het geen onderliggende siekte nie, maar die ouers is bekommerd oor die kind se veiligheid.
3. Ouers wil hulle kind uit die formele skoolstelsel haal en eerder tuis onderrig.

Scenario 1 (formele skoolstelsel MET onderliggende siekte)

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die skool van die leerder se onderliggende siekte en verhoogde risiko in kennis te stel (sien paragraaf 13 van die Nasionale Leerderaanwesigheidsbeleid).

In so 'n geval kan die afwesigheid steeds ingevolge die nasionale beleid hanteer word, en moet die skool redelike stappe doen om die leerder met afstandsonderrig te help voortgaan. Die ouers sal saam met die skool moet verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat die leerder deelneem en byhou.

Scenario 2 (formele skoolstelsel SONDER onderliggende siekte)

Hierdie scenario blyk die grootste verwarring te skep, wat nou deur die president se opmerking vererger is. Die onsekerheid oor die heropening van skole, skole se gereedheid, vakbondeise en gebrekkige kommunikasie deur die nasionale en provinsiale onderwysdepartemente help ook nie juis om ouers en leerders se vrese te besweer nie. Daarom moet ons begrip hê vir hierdie groep.

Skole moet derhalwe alles in hulle vermoë doen om behoorlik met hierdie ouers te kommunikeer en hulle te oortuig dat formele skoolonderrig sowel veilig as die beste vir die leerder is. Daar is 'n sterk moontlikheid dat hierdie ouers hulle kinders ná 'n paar weke self sal terugstuur sodra hulle gesien het die stelsel werk – dit kan dalk net tyd verg.

Is skole intussen volgens wet verplig om hierdie leerders van onderrig te voorsien? Tegnies nie – hulle moet immers by die skool wees. Wil ons egter hierdie leerders verloor?

Skole moet dalk oorweeg om hierdie groep op kort termyn redelikerwys tegemoet te kom met 'n moontlike gemengde model van afstand- én kontakonderrig, en intussen behoorlike kommunikasie probeer bewerkstellig. Skep vir ouers die geleentheid om met die skool hieroor in gesprek te tree.

Paragraaf 56 van die Nasionale Leerderaanwesigheidsbeleid bepaal dat die skoolhoof met die ouers moet skakel indien die leerder vir meer as tien opeenvolgende dae afwesig is en gevaar loop om van die skoolregister geskrap te word.

Hou in gedagte dat personeelvoorsiening deur die aantal ingeskrewe leerders bepaal word en 'n direkte impak op skoolgeld het. Dink daarom eerder aan 'n strategie om leerders te behou – op sowel kort as lang termyn.

Scenario 3 (tuisonderrig)

In hierdie scenario verlaat die leerder die formele skoolstelsel, en is die kind dus nie meer by die skool ingeskryf nie. Die skool kan nie weier dat die leerder gaan nie, en het daarom geen verdere verpligtinge teenoor die leerder nie. Dít is straks wat die president met sy opmerking bedoel het.

Artikel 51 van die Skolewet bepaal dat 'n ouer by die Departementshoof kan aansoek doen om 'n leerder vir tuisonderrig te registreer. Die Departementshoof kan voortgaan om die leerder as sodanig te registreer indien hy/sy tevrede is dat:

- die registrasie in die leerder se belang is;
- die onderwys wat die leerder tuis sal ontvang:
 - aan die minimum kurrikulumvereistes voldoen; en
 - nie van 'n laer standaard as dié in openbare skole is nie; en
- die ouer voldoen aan enige ander redelike voorwaardes wat die Departementshoof stel.

Indien ouers hulle kinders tuis onderrig en later weer by 'n skool inskryf, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Ouers moet die skool in kennis stel dat die leerder voortaan tuisonderrig sal ontvang. Paragraaf 55 van die Nasionale Leerderaanwesigheidsbeleid bepaal dat 'n leerder se klasregisterrekord gekanselleer moet word indien hy/sy vir tuisonderrig geregistreer word (paragraaf 55(d)), en dat die leerder opnuut by die klasregister bygevoeg moet word indien hy/sy weer toelating tot die skool ontvang (paragraaf 59).
- Ouers moet die leerder by 'n kurrikulumverskaffer registreer. Indien nie, sal die kind oor geen bewys van leer vir die jaar beskik nie, en sal geen formele sertifikaat (rapport) vir die jaar uitgereik kan word nie.
- Enige openbare skool sal die reg hê om te bepaal wat die standaard van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is of nie.

Wat skole benewens bogenoemde moet weet:


- Die skool mag nie weier dat 'n ouer sy/haar kind tuis onderrig nie.
- Die skool moet so 'n leerder se rekord uit die klasregister verwyder.
- Nóg die skool nóg enige personeellid is onder enige verpligting om 'n leerder wat vir tuisonderrig geregistreer is op enige vlak te ondersteun of by te staan.

Hoe moet skole nou reageer?

- Kommunikeer gereeld en duidelik.
- Voldoen aan al die veiligheidstandaarde en -praktyke.
- Erken ouers se vrese en wees bereid om te luister en advies te gee.
- Respekteer ouers se besluite.
- Doen alles wat redelik en haalbaar is om leerders by die skool tegemoet te kom en te behou.
- Ontwikkel 'n strategie vir scenario 2 – hoe meer normaal die skool funksioneer, hoe groter die waarskynlikheid dat leerders sal terugkom.
- Hou die deur so lank moontlik vir ouers en leerders oop.
- Help ouers goeie besluite neem.

Jaco Deacon

Adjunk-uitvoerende Hoof



U het hierdie e-pos ontvang omdat u op die skoolbeheerliggaam van 'n FEDSAS lidskool is.

You are receiving this email because you are on the school governing body
of a FEDSAS member school.